DIE MAGNIFICAT-GEBED

Die Lofsang van Maria

My hart besing die grootheid van die Here,
my gees het hom in God my redder verbly,
omdat Hy gunstig op sy diensmeisie
in haar geringheid gelet het.

Nyk van nou af sal elke geslag my geseënd noem,
want Hy het groot dinge aan my gedoen,
Hy wat almagtig is,
heilig is sy Naam,
en sy troue liefde vir die wat Hom vereer
bly van geslag tot geslag bestaan.

Kragtige dade het Hy met sy arm verrig,
maghebbers het Hy onttroon en geringes verhoog.
Behoeftiges het Hy met goeie gawes versadig
en rykes met leë hande weggestuur.

Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom,
gedagtig aan die troue liefde
wat Hy beloof het aan ons voorouers,
Abraham en sy nageslag vir altyd.

Eer aan die Vader,
en aan die Seun,
en aan die Heilige Gees;
soos dit in die begin was,
so ook nou en altyd,
tot in ewigheid. Amen.

© Die Oratorium Uitgewery | Amptelike goedgekeurde teks | Teks in hakkies [ ] mag weggelaat word